
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

2006 – Strome van Lewende water

Dit is 'n nuwe jaar en daarom die perfekte tyd vir nuwe besluite, hernude ywer vir die Koninkryk van ons Here Jesus en alles wat dit behels. Die tyd van Jesus se koms is baie naby, en ons lees in **Efs. 5:16-17: Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop dit tyd uit, omdat die dae boos is.** Dit is waarom ek die boodskap met julle wil deel, want dit was altyd baie belangrik, en is nou belangriker as ooit te vore.

Daar is 'n baie bekende gelykenis wat Jesus Christus vertel het om 'n groot waarheid duidelik te maak vir sy onmiddellike dissipels en vir Sy volgelinge dwarsoor die eeue, tot by ons. Ons kan dus beslis nie die les wat daarin geleer word en die prinsiep wat nooit verander het nie, belangeloos van ons af wegstoot nie, want dit geld vir ons en daarom sal ons die gevolge dra, net soos die diensknegte van die gelykenis.

Kom ons lees **Mat. 25 verse 14 tot 30**: **Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou. En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan. En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin. Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander**



verdien. Maar hy wat die een ontvang het, het dit in die grond gaan begrawe en die geld van sy heer weggesteek. En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken. En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien. En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien. Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort. Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie. Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het. Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het; want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.

Alhoewel Jesus hier die kommoditeit geld gebruik om die waarheid aan ons te verduidelik, kan dit vervang word met enigiets wat ons uit die Here se Hand ontvang het, fisies, emosioneel en geestelik: Hy is tog die gewer van alle goeie gawes (Jak. 1:17). Ek glo Jesus het geld as 'n voorbeeld gebruik, want alle mense kan verstaan as jy daaroor praat, maar as ons dit oordra in geestelike terme word hier eintlik gepraat van getrouheid.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Strome van Lewende Water)
Nou sal iemand miskien dadelik uitroep: "Getrouheid – Ja, ek verstaan dit, want ek is al vyftig jaar 'n getroue kerklidmaat. Ek is elke Sondag in die kerk; ek gee elke maand my tiende en ek is elke Woensdag by die biduur."

Hierdie is alles goeie dinge, maar dis presies wat die dienskneg gedoen het wat een geldstuk ontvang het. Sy getrouheid het niks voortgebring nie! Getrouheid, volgens die gelese gelykenis, is om te neem wat die Here jou gegee het, aan jou toe vertrou het, en dit te gebruik! Jy moet meer daarmee verdien! Positiewe getrouheid is nie bloot gereeldheid met kerklike aktiwiteite nie – dis baie meer! Daar behoort nie so iets soos steriel (onvrugbaar, dor) Christene te wees nie. 'n Christen wat nie groei nie en nie besig is om dit wat die Here aan hom toevertrou het te gebruik om voort te bring nie, bly net waar hy is in sy geestelike lewe.

Ons weet dat God elke enkele mens toegerus het met baie besondere hoedanighede (talente, vermoëns) wat eie is aan onsself. Party het meer, party het minder net soos die diensknegte in die gelykenis. Daar was nie van die kneg met net een geldstuk verwag dat hy dieselfde sou inbring as die een wat vyf of twee ontvang het nie. Nee, dit was van hom verwag om te verdien, aktief te wees tot sover as wat sy besondere vermoëns gestrek het. Maar, hy moes betrokke raak en aktief wees. Hy moes dit nie gaan begrawe het nie!

Die dienskneg aan wie vyf geldstukke gegee is, het nie nodig gehad om die twee van die ander dienskneg ook te neem nie: hy het gebruik wat hy gehad het. Dis nie wat die dienskneg met die een geldstuk gedoen het nie – hy het dit gaan begrawe. Daar was geen vermeerdering nie! Geen reaksie of inspanning of toename nie! Geen toename nie! Daarom vra ek ook aan jou die vraag wat miskien tien of twintig of vyftig jaar 'n getroue kerkganger is: sedert jy tot bekering gekom het, was daar al vermeerdering, toename, groei in jou Christelike lewe, het jy siele na die Here gebring?

As ons kyk na die Bybel, dan lees ons van baie manne en vroue van God, maar wat opvallend is, is dat Hy elkeen van hulle verskillend toegerus het en op verskillende maniere met hulle gedeel het – elkeen was vir Hom iemand besonders, uniek. So is Sy Kinders vandag nog vir Hom: elkeen iemand besonders. Hy gee vir elkeen iets besonders, en Hy hanteer elkeen anders; op die wyse wat vir Hom die beste is. Hy het bv. heeltemal anders met Moses gepraat, en Hy het iets heeltemal anders verwag van Esegiël as wat Hy van Elia verwag het – hulle het elkeen 'n ander taak – opdrag van God gekry en Hy het elkeen van hulle afsonderlik gerig. So is dit vandag nog.

God gee nooit 'n taak bokant die besondere mens se vermoë nie. Kom ons kyk na 'n paar van die bekende Godsmanne in die Bybel en stel vas hoe God met hulle gepraat en gewandel het.

Moses was geroep om die volk van Israel deur die woestyn te lei na die Beloofde Land en hulle het hom skoon oorhoeks gehad met hulle murmureringe en afdwalings. Hy het vir God gesê: "Hierdie las is vir my te groot. Laat my liewer nou sterf." Ex. 32, 33. Tog het hy ook op 'n ander wyse vir Israel by God ingetree. Nadat die Israeliete die goue kalf gemaak het, en God gereed was om hulle almal te verdelg, het Moses nie gebid dat God hulle moet spaar as daar 'n handvol regverdiges te vinde was nie. Hy het gevra dat die Here die hele volk moet vergewe en spaar en sê toe: **En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!** God het hierdie dapper vrymoedigheid van Moses geëer en die volk gespaar.

Maar, toe Moses skeef trap, toe trap God hom hard terug. Toe God Moses beveel om die rots aan te spreek, en Moses in 'n oomblik van woede, dit slaan, toe sê God dat hierdie klein uitbarstinkie Moses die Beloofde Land sal kos! Maar die Hemelse Vader het geweet dat hierdie die soort behandeling was wat hierdie kind van Hom nodig gehad het.


Kyk maar na Elia – hy was geroep om nooit te sterf nie – God het hom lewendig hemel toe gevoer. Wat was sy roeping? Hy het 'n vurige ywer in hom gehad vir God wat God in hom geskep het. Hy was geroep om die Baälgodsdiens in Israel te vernietig, en hy het ook. Hy het vuur van die hemel afgebid. Ons lees in 1 Kon. 18 en 19 hoe hy 'n geweldige geestelike hoogtepunt bereik het op die berg Karmel waar hy aan die 400 profete van Baäl en die hele Israel die krag van God gewys het en toe hierdie profete vernietig het. Maar net daarna hardloop hy weg vir koningin Isèbel, gaan sit in die woestyn onder 'n besembos en wens om te mag sterf! Hy sê vir die Here: **Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Here, want ek is nie beter as my vaders nie.**

Hoe het God hierdie Kind van Hom hanteer? God het nie gesê: "Wees nou 'n man en staan op" nie – God het nie eers met hom gepraat nie! Hy het 'n engel gestuur om hom te voed en hom laat rus en toe kon Elia **deur die krag van die voedsel veertig dae en veertig nagte lank loop tot by die berg van God, Horeb.** Daar het God met hom gepraat – nie in die aardbewing of in die vuur nie, maar in die gesuis van 'n sagte koelte. (1 Kon. 19:12). God sê vir hom, "Gaan terug, want daar is nog baie werk vir jou: 7000 is nog in Israel wat nie hulle knie voor baäl gebuig het nie. Gaan salf vir Jehu as koning en Elisa as profeet." God het presies geweet wat Elia se vurige temperament nodig gehad het: hy moes voort met sy roeping! God het hom nie vertroetel en vertroos en laat bly met sy selfbejammering nie. So weet God hoe om elkeen van ons ook te rig en te lei, solank ons net betrokke raak en ons talente begin gebruik.

Wat van Jona? Hy was eintlik 'n eienaardige karakter. Hy was geroep om oor Nineve te profeteer, maar hy wou nie, want hy wou nie gehad het dat Nineve tot bekering moes kom nie. Hoekom nie? Hy was bekend met die profesie wat gelui het dat Nineve teen Israel gebruik

(Vervolg op Bl. 6)

Worthy to escape the coming wrath
Luke 21:36



We are all aware of the fact that the signs of the end times, as described by Jesus in Luke chapter 21 and Matthew chapter 24, are increasingly evident with each passing day! As this is the start of a new year, and Jesus could return at any given moment to fetch His Bride, it is essential that we focus our attention on being ready for this Great Event, which the Bible calls a 'mystery', and is in fact the Rapture, or ascension of the True Church of the Lord Jesus Christ. When Jesus said in Luke 21:36: **Watch therefore, and pray always that you may be counted worthy to escape all these things that will come to pass….** He was speaking to His disciples, and He is speaking to those of us who are His disciples today! It is obvious from His Words that there must be a way to escape the wrath, which is about to come upon the earth. Who of us wouldn't take that chance of escape if available? Who of us wouldn't want to be counted worthy in order to escape? It is very interesting to note that only five of the ten virgins went off with the Bridegroom to the wedding feast, recorded in Matt. 25. There were ten virgins, all awaiting the Bridegroom's coming. Because the Bible says that all were virgins, we take it that they were saved and knew that the wedding was soon, yet only five were truly ready.

"..Watch therefore, and pray always that you may be counted worthy to escape all these things that will come to pass…." Luke 21:36

We may ask ourselves, what then can we do to make us **worthy** to escape the coming wrath upon the earth? Remember that five virgins missed their wedding!

We know that it is ONLY by the sacrificial death of our Lord Jesus Christ and His shed Blood that we have been made righteous, able to stand before God, justified, with our sins forgiven. We are worthy because of Him. We read in Heb. 9:22: **…..And without shedding of Blood there is no remission of sin.** We know that Jesus paid the price with His own precious Blood so that we, who acknowledge Him as our Personal Saviour and Lord have been forgiven and redeemed. (Rom. 10:9-10)

We cannot therefore possibly be counted "worthy" to escape the tribulation if we are not saved and washed clean by His Blood. The Bible assures us that we cannot get to Heaven by our good works, because our righteousness is as filthy rags. (**Isaiah 64:6)** It is by **grace** that we are saved through faith, which is not of ourselves, as is recorded in Ephes. 2:8**.** I wrestled with this word "worthy", in the context of the scripture, which Jesus spoke in Luke 21 verse 36, and because it is SO important to me to be ready for the coming of Jesus, I wanted to know what more I could be doing in the way of preparation. That was when I was prompted to take a closer look at the word WORTHY, letter by letter, and I did just that! I took each letter of the word individually, and thought about it, and this is what came to me.

WORTHY

1. W – stands for Will

His will, no longer my will, but His alone! He has given each of us a free will so that we have the power of choice! He did not make us robots, without hearts and without emotion, and with automatic reactions to His commands. He gave each of us our own free will! This is wonderful, but it also awesome! By the choices we make Father God knows exactly what is in our heart! I knew immediately that I needed to forfeit my will for His in every given decision that has to be made. In fact, according to Gal. 2:20: **I have been crucified with Christ; it is no longer I who live, but Christ lives in me……**

Jesus is coming for a Bride who does His Will!

2. O – stands for Obedience

How obedient are we, when it comes to doing His Will? Are we obedient only when we feel on top of the world, and delight to do His Will that day? Or are we obedient in the times when it costs us something to deny our self, and heed His voice? After having received Jesus as Saviour and Lord, have you responded in obedience to even the first command of Jesus to believers in Mark 16 verse 16 by having yourself baptised Biblically, by full immersion in water? Some, it grieves me to say, have not even taken this first step of obedience to Jesus' words in the Great Commission. We must remember that God does not require us to be obedient for His sake! No, we are the ones who benefit by being obedient to His still small voice speaking inside us, and to His written Word! Obedience to Him has always been in our own interest and for our protection, and is even more essential in these evil days! Read the account in Matthew 7 verse 24, of the wise man who built his house on the rock, and it withstood all the storms! He was a doer of God's Word.

Jesus is coming for an obedient Bride!

2. R – stands for Repentance

God requires us to have a repentant heart! David speaks of the importance of having a broken heart and contrite spirit, because then the Lord is near. (Psalm 34:18) This simply means that we must take care not to harden our hearts and compromise when it comes to any form of sin! Large or small!! We must always retain an attitude of awareness regarding our behaviour and speech! When we sin, or offend God by wrong actions,

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Worthy to escape...)
deeds, speech or thoughts we should be conscious of it immediately, and be sorry for it! Recognise that we have done wrong, repent of it, ask Father God's forgiveness for it and make right! We will never fully realise the amazing mercy and grace afforded us through the shed Blood of Jesus on the Cross of Calvary! That precious Blood by which we experience forgiveness if we repent and ask for it. (1 John 1:1:9)

Let us purpose to have receptive, sensitive and repentant hearts so that we may always hear the voice of the Holy Spirit, convicting us of wrongdoing! God forbid that any of us should harden our hearts as we await His coming! (Heb. 3:8)

Jesus is coming for a spotless Bride!

2. T – stands for Trust

Trust is quite simply just another word for faith! Jesus asked the question in Luke 18:8: **Nevertheless, when the Son of Man comes, will He really find faith on the earth?** There are so many voices out there in the world these days. So many opinions from so many different sources, and each offering His special brand of wisdom! Even Christians who have the Bible are at times confused because of the conflicting views of the intellectuals, the secular humanists, and so called specialists on various subjects pertaining to our lives. The only real authority on any subject pertaining to us, is the Word of God, the Bible! It is after all, the instruction manual of our Creator, Who is all wisdom and all knowledge, and because He created us, He knows what we have need of and how we are to acquire it!! The answers to all our questions and the solutions to all our needs are found in the Bible, and are indisputable because they come from God our Heavenly Father! We are told that the just shall live by faith. (Rom. 1:17) We need therefore to have faith in God and His Word, and then act accordingly in any given situation. Our trust must be in Him alone and certainly not in the "wisdom" of man, which the Bible incidentally calls, "foolishness" with God. (1 Cor. 1:25). We read in Proverbs 3 verses 5-6: **Trust in the Lord with all your heart, and lean not on your own understanding; in all your ways acknowledge Him, and He shall direct your paths.**

We are to trust Him IN everything, and FOR everything, and when Jesus comes for us, He will at least find the faith He is looking for, operating in and through us.

Jesus is coming for a Bride who trusts in Him!

2. H – stands for Humility

The Bible exhorts us to: **humble yourselves in the sight of the Lord**, **and He will lift you up. James 4:10**

Jesus humbled Himself and took on the form of a servant. We read in Phil. 2:7-9: **But made himself of no reputation, taking the form of a servant, …… He humbled and became obedient to the point of death….therefore God also has highly exalted Him and given Him the name which is above every name.**

He gave us an example of humility in servant-hood, when He washed the feet of His disciples. He is our example, and we need at all times to have a spirit of humility present in our life. The Bible warns us in Rom. 12:3 that we should not think more highly of ourselves. We know that **pride comes before destruction and a haughty spirit before a fall**. (Prov. 16:18) and we only have to look at the pride which caused the fall of Lucifer (from Heaven), who then became Satan, because he desired to exalt himself above God. (Isaiah 14:12-15). King David knew the importance of humility, and we need to realise that if we do not humble ourselves, as we are told to do in James 4 verse 10, that God will do whatever it takes in our life to bring us to a place of humility. Rather than having to be disciplined by Father God, we should be determined to live our lives clothed in humility, which is pleasing to Him.

Jesus is coming for a Bride with humility!

2. Y – stand for Yielded

The dictionary's definition of the word yielded, is: surrendered; give way; do what is asked or ordered! When we are fully yielded to God, we will surrender every part of our life to Him. We will give way to His plans and purposes for us, and will do what He asks of us or commands us to do! In other words will keep His commandments willingly! James 4:7 tells us: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.**

A life lived in surrender to God, is in a position of protection! Submission to God is actually a weapon and armour against Satan's attacks, and nothing is more needed in our lives today than protection and security against the wiles of the enemy. When we are totally yielded (submitted, surrendered) to God, He becomes our refuge and our strength. He becomes our Fortress and High Tower in Whom we can put our trust. (Psalm 18:2)

A yielded life brings us into a position of entering His rest. This place of rest and peace is spoken of in Heb. 4:1. The only way in which we will be able to fully yield ourselves to Him is when we refrain from trusting in our own ability, own strength, and own wisdom, not relying on the arm of flesh, but on Him alone. When our life is completely yielded to Jesus, He encompasses us completely, and we are in that perfect spiritual position to be caught up, not only IN Him, but also WITH Him when the Rapture takes place. Being fully **Yielded** means that His **Will** is our will, our **Obedience** is our main priority, our **Repentance** is daily and ongoing, our **Trust** in Him is unfailing and consistent, and our **Humility** is continually evident. Jesus is coming for a Bride without spot or wrinkle! Ephes. 5:27.

Once again, I emphasise the fact that we cannot become "worthy" by our works. However, as we await our coming Bridegroom with excitement and longing, we all have the desire to make ourselves ready for Him, so that we may meet Him in the clouds when He comes for us,

Ons God van Wonderwerke!

Beste Dr James en personeel,

Dis met diepe dankbaarheid en verwondering dat ek voor die Heer staan en Hom kan dank vir nog 'n wonderwerk.

Na `n aanloop van ongeveer 7 jaar van ongemak en val, het my toestand op 19 Februarie 2004, drasties verswak. Ek het geval, ribbes en stuitjie gebreek en vele ander beserings opgedoen. Ek moes my skoolloopbaan van 24 jaar vaarwel toeroep en 'n nuwe onseker toekoms aanpas en begin. Die doel was beslis onduidelik tot nou! Ek moet getuig en bemoedig.

My broer en skoonsuster het hierdie geleentheid om genesing vir my aangebied en sonder huiwering het ek JA geantwoord. Van die begin af was ek baie kalm en opgewonde en het aan almal met wie ek kontak gehad het, gesê dat ek weet die Here sal volgens Sy wil optree. Ek was totaal bereid om die uitkoms te aanvaar, hetsy wat gebeur en daar tydens my ontmoeting met God, het my verras en duisend maal meer gegee as wat ek verdien. Ek was selfs bereid om, indien ek nie verligting sou verkry nie, Hom steeds te verheerlik soos altyd en positief te bly. My uitgangspunt was dat ek die Here gevra het om my dan net te help dat ek hierdie siekte, wat 'n doodsvonnis was, met waardigheid sal kan dra. My hele gesin, familie en ander mense, selfs vreemdes, se hulp en ondersteuning verdien vermelding en my dankbaarheid!

"Al het my dekor verander, moes die spel voortgaan" – ware woorde soos gelees in Kobus van der Westhuizen se boek "'n Aarde nuut en vry."

Op 3 November 2005 het ek die finale nuus van Neuroloë ontvang dat niks vir my gedoen kan word nie, aangesien my hele senustelsel, inwendig, degenereer a.g.v. spastiese paraparese. Ook het ek dag en nag erge pyn ervaar a.g.v. fibromialgie, osteoartritis, onder sowel as ooraktiewe skildklier en vele ander siektes het my daaglikse bestaan gekniehalter. Snags kon ek nie slaap nie, a.g.v. pyn, spasmas en strekkings. My organe het die laaste 3 weke so verswak dat ek basies nie eens kon praat sonder om totaal uitgeput te word nie. My spiere en als was so verswak dat ek reeds tyd in die rolstoel begin spandeer het. Geen balans, geen krag in arms, bene, my regterkant het so verswak dat ek wat regshandig is, moes oorgee aan die linkerkant. My huishouding was totaal en al onmoontlik. Ek het 'n Down Sindroomdogter van 21 en 'n 16 jarige tienerdogter wat 'n mamma baie nodig het en ek kon feitlik niks vir hulle doen nie. Pappa was ook hul mamma. Dankie aan my dierbare man vir sy wonderlike bystand en begrip, asook sy bevestiging van sy liefde aan en vir my.

Vrydag, 11 November 2005, sal vir ewig in my geheue ingeprent wees. Met ons aankoms by die Christelike Sentrum het ek die alomteenwoordigheid van die Heilige Gees ervaar en saam met dit die hartlikheid en menslikheid van die personeel. Humor het ook nie ontbreek nie. In die gebedskamer, tydens stiltetyd, het ek geweet hier gaan groot dinge gebeur. Die genesings wat ons voor ons oë gesien gebeur het, het jou na siel en liggaam aangeraak en "geruk". Dit het gelei tot spontane verheerliking van God.

Ek kon nie 'n woord uitkry toe ek my siektes moes bekendmaak nie – die ervaring was te groot en werklik. Ek het met behulp van 'n rolator geloop. Dr James, die gesant van God, het gebid sonder dat ek my siektes bekend kon maak want ons God weet in elke geval wat my behoeftes was en is. Tydens die gebed het ek 'n warm gevoel van vrede en kalmte deur my voel vloei. Na die gebed was my voete "los" en kon ek sonder die hulpmiddel loop. Onmiddellik was die groot balansversteuring wat ek voorheen ervaar het, weg en het ek dus beheer oor my liggaam gehad. Loof die Here! Dit was ongelooflik en die werklikheid sink nog elke dag in soos ek alleen loop. My loopgang lyk en is nog abnormaal en pynlik aan die regterkant, maar ek kan loop!!! Ek moet steeds vashou aan reëlings of iemand indien ek trappe klim en op ongelyktes loop, maar die algemene simptoomverligting is enorm.

"..Mense staan verwonderd en menige kom kyk – ai, hulle is so welkom, want nou kan ek getuig, bewys en bemoedig. Almal is dit eens dat ons 'n wonderlike God het. "God gee altyd meer as wat ons as mens in ons milddadigste oomblik kan gee"..."

Mense staan verwonderd en menige kom kyk – ai, hulle is so welkom, want nou kan ek getuig, bewys en bemoedig. Almal is dit eens dat ons 'n wonderlike God het. "God gee altyd meer as wat ons as mens in ons milddadigste oomblik kan gee".

Bly asseblief bid vir verdere verligting en genesing. So dra ek in my eenvoud ook al die vriende op wat tydens die genesingsdiens daar was. Ek het ook redelik kontak met sommige en almal getuig van Sy groot dade. Dankie aan Jesus Christus en u almal vir hierdie belewenis.

Ek is reeds genooi om by twee geleenthede te gaan getuig.

Sterkte, seën en liefde aan u almal.

Engela Laubscher, Beaufort Wes

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Strome van Lewende Water)
sou word. Jona wou gehad het dat God daardie stad moes verdelg. Toe kies hy maar die hasepad en God moes hom keer d.m.v 'n groot vis! Toe hy egter na sy ondervinding in die yslike vis se maag wel drie dae lank in Nineve rondgeloop het met die uitroep: "Bekeer julle van julle verkeerde weë!" was hy maar eienaardig veral in sy voorkoms. Gevolglik het 120,000 mense tot bekering gekom – Jona het sekerlik die mees suksesvolste boodskap gepreek wat ooit gepreek is, tog was hy kwaad vir God omdat Hy Nineve gered het.

Hy maak toe vir hom 'n skerm buite die stad en gaan sit in die skaduwee daarvan en wag. God moes hom hardvogtig hanteer en laat `n vis vir Jona insluk, hierna demonstreer Hy vir Jona iets anders. God laat `n 'n wonderboom groei wat vir Jona skaduwee gee en later beskik Hy 'n wurm wat die wonderboom steek sodat dit verdor. Hierna beskik God 'n gloeiende oostewind – en Jona word so magteloos en moedeloos dat hy uitroep: **Dit is vir my beter om te sterwe! (Jona 4:8).** Eers toe is hy goed voorberei om na Sy Vader te luister en God vra vir hom: Het jy rede om vertoorn te wees oor die wonderboom? **Jy wil die wonderboom spaar waar jy geen arbeid aan bestee het nie …. Maar Ek mag Nineve, die groot stad, nie spaar nie waarin meer as honderd-en-twintigduisend mense is wat die onderskeid tussen hulle regter – en hulle linkerhand nie weet nie en baie vee?**

Jona moes 'n paar moeilike dae beleef voordat God vir hom 'n fisiese demonstrasie kon gee oor die hele situasie. Weereens 'n heeltemal ander hantering van hierdie Kind van Hom as bv. Moses of Elia. 'n Ander vermoë, 'n ander roeping, 'n ander verhouding met God. Wat van ons nuwe Testamentiese vriend, Paulus. Sy eie woorde was dat hy geroepe is om 'n lig te wees vir die heidene. Hy moes stand inneem vir die Evangelie van Jesus Christus en is baie vervolg. Dit was nie Petrus se roeping nie. Kyk waartoe roep Jesus vir Petrus in Luk. 22:32: **…. Jy moet jou broeders versterk.** As ons dink aan Petrus se swakhede, sy verloëning van Jesus Christus, sy voortvarende uitgesprokenheid, sou 'n mens dink hy sou die laaste een op aarde wees om so 'n roeping op te plaas, nl. om ander te versterk. Maar God het Petrus geken en Hy roep hom hiertoe. Toe dinge later baie moeilik geword het vir die Nuwe Testamentiese kerk was dit juis Petrus wat die Christene bemoedig het.

Daar is sekere vermoëns en talente wat jy het, wat niemand anders het nie en Hy plaas jou in sekere posisies omdat Hy geen ander persoon daar kan plaas nie. Daar is sekere mense wat slegs deur jou geraak sal word met die Evangelie. Ek sal hulle nie bereik nie, niemand nie, maar jy kan!

God sal met jou praat op 'n wyse wat jy sal verstaan. Hy hanteer nooit twee mense op dieselfde wyse nie, en dis interessant om te sien wat Hy met jou gaan maak. Let iets belangriks op: al die manne oor wie ons gepraat het – Moses, Elia, Jona, Paulus – het almal 'n stryd gehad. Hulle het almal gesukkel. Hulle was almal ontmoedig, het almal aan hulle roeping getwyfel. Moses het gesukkel: "Here, delg my dan liewer uit!" Jona het gevra om te sterf. Elia het gevra om te sterf. Jeremia het die dag vervloek waarop hy gebore was! Hulle het almal 'n stryd gestry. Soms dink ons daar is iets verkeerd as ons moet sukkel, tog wys die Bybel vir ons baie duidelik dat Godsmanne en vroue, hoe groot hulle ookal was, almal moes stryd voer. Petrus het teruggeval, Elia het gevlug vir Isèbel. Maar die Here was met elkeen, en het elkeen op 'n ander wyse gelei en gehelp en gerig en hulle deur gehelp.

God se genade is vir elkeen genoeg, vir wat jy ookal geroep is om te doen. Ek dink altyd dat 'n geredde vrou wat 'n ongeredde man as huweliksmaat het, seker in een van die moeilikste situasies is wat daar kan wees. Om 'n goeie Christen vrou en moeder te wees saam met 'n man wat nie die Here dien nie, vra besondere genade, maar God gee besondere genade vir dit waartoe ons geroep is. God ken jou talente, jou vermoë, jou roeping en Hy sal nooit vir jou roep tot iets wat jy nie kan hanteer nie – daar is altyd genoeg genade vir jou.

Maar, en dis uiters belangrik: niemand is geroep om onaktief te wees nie! As jy 'n wedergebore Christen is, is jy geroep tot iets – nie tot niks nie! Jy is deel van die Liggaam van Christus op aarde, en net soos 'n fisiese liggaam gebrekkig funksioneer as net 'n klein ledemaat buite aksie is, net so in die Liggaam van Jesus: dit funksioneer gebrekkig as een wedergebore Christen net die kerkbanke warm maak, en niks verander nie! Almal in die Liggaam van Jesus het mekaar nodig, en die vyand bring ywerig verdeling en disharmonie, en sodoende vernietiging. **Hy verdeel en hy vernietig.**

In Hand. 3 lees ons dat Petrus en Johannes by die verlamde man in die Skone Poort van die Tempel gekom het en toe hy vir hulle 'n aalmoes vra, sê Petrus: **Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou…**

Hierdie man was vir baie jare kreupel – daardie dag het God hom opgerig omdat Petrus dit wat hy gehad het, gegee het.

Wat sou gebeur het as Petrus en Johannes geintimideer was toe hulle by die kreupele in die Skone Poort gekom het? Hulle kon gedink het, wel, hierdie kreupele sit nou al soveel jare hier, en Jesus Christus het baie kere hier verbygeloop en hy het hom nie genees nie, wie is ons om vir hom te probeer bid vir genesing? Wat sou gebeur het as Paulus, toe hy in Athene, die Griekse hoofstad van geleerdes en filosowe aangekom het, en sonder om 'n woord te sê, vinnig daar weggegaan het? Hierdie mense was die room van debatteerders en filosofeerders van reg oor die Romeinse Ryk, en tog was daar 'n altaar waarop geskrywe was: "Aan 'n onbekende God." Paulus se gees was opstandig in hom en hy het gepraat van Jesus Christus wat hy geken het, en hulle

(Vervolg op Bl. 8)

Uit Dr James se Kantoor

Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James

Liewe Familie in Jesus,

Met die aanvang van `n splinternuwe jaar, is dit nodig om selfs nader aan die Here te beweeg, sodat ons kan hoor wat Hy in Sy Vaderhart vir Sy kinders het. Hy ken elkeen van ons by die naam. Hy weet hoeveel hare daar op jou kop is en Hy weet verseker Sy planne en voornemens vir jou hierdie jaar as jy gehoorsaam is aan die leiding van die Heilige Gees! Hy weet wat elkeen van ons nodig het nog lank voordat ons Hom vra. Hy belowe om aan ons die begeertes van ons hart te gee as ons Hom eerste in ons lewe plaas en behae daarin skep om Sy Wil te doen.

Hierdie jaar spoor die Here ons tot selfs hoër hoogtes in Hom aan, moedig ons aan om die talente en vermoëns wat Hy in elkeen van ons individueel belê het vir Sy doelstellings te gebruik, sodat Sy Koninkryk uitgebrei kan word. Ek moedig jou aan om die hoofartikel biddend te lees en om ons Hemelse Vader te vra hoe Hy jou wil gebruik, selfs op groter skaal in hierdie belangrike tyd. Ons sal almal verantwoording aan Hom moet doen vir die wonderlike eienskappe waarmee Hy elkeen van ons geseën het. Die boodskap in die Engelse artikel maak my regtig opgewonde, omdat dit innig in sy eenvoud is. Dit is kort en kragtig en na aan die hart van Vader God. Dit sal vir ons `n groot wins in hierdie komende jaar wees, as ons dit **hoor** en dit **doen.** Albei artikels daag ons as gelowiges uit, selfs diegene van ons wat noual `n hele aantal jare met die Here wandel. Daar is altyd plek om herinner te word aan die grondbeginsels van God se Woord, want in die eenvoud van die Evangelie lê sy krag, maar slegs as ons daaraan gehoorsaam is. Laat ons nie bly by die begin, maar streef na volmaaktheid.

Die volgende uitdaging vir hierdie splinternuwe jaar, het te doen met twee nuwe gratis boeke, wat die Here op my hart gelê het. *Ek weet* dat hierdie belangrike boodskap moet uitgaan in hierdie pragtige land van ons en buite die grense. Hulle is: "Wat gaan met Hierdie Wêreld Aan?" en "What's the World coming to?" Alhoewel hulle al vir `n aantal jare op ons boekelys is, is beide nou opgegradeer, hersien en is die inhoud grootliks uitgebrei, sodat die geweldige belangrike boodskap wat dit bevat beklemtoon kon word. Dit is deel van ons voorgaande Woord Evangelistiese Uitreik Projek wat ons in Julie 2005 begin het. Dit het begin met die twee gratis boeke "Die Krag van Vergifnis" en "The Power of Forgiveness", en soos ek vantevore gesê het, is 50 000 kopieë gratis versprei sedert Augustus 2005, en is steeds gratis beskikbaar. Julle het `n kopie van die nuwe boek, saam met hierdie nuusbrief ontvang. Die doel hiervan is dat jy dit eerste lees en dan opgewonde raak om `n kopie in die hande van jou vriende en familielede te plaas, wat dalk nie bewus is van die dringendheid van die tyd waarin ons leef nie. Veral die ongereddes! Dit is `n kragtige boodskap en sal `n reaksie van die leser eis. Die Waarheid wat dit bevat is Skriftuurlik en lewens veranderend! Die uur vir hierdie boodskap om na die hele wêreld uit te gaan is NOU! Ons moedig jou aan om weereens deel te wees van hierdie Evangelistiese projek. Skryf aan ons of skakel ons en gee asseblief aan ons 'n idee van die aantal gratis eksemplare van die bogenoemde boeke wat jy nodig het en by magte is om te versprei.

Neem egter asseblief kennis, dat die enigste boeke wat op die oomblik gratis beskikbaar is vir hierdie projek ,is, "Wat gaan met Hierdie Wêreld Aan?" en "What's the World coming to?", asook die twee vorige boeke "Die Krag van Vergifnis" en "The Power of Forgiveness". Die sukses van hierdie projek, en jou voortspruitende beloning in die hemel, is afhanklik van jou betrokkenheid, bid dus asseblief ernstig daaroor.

Weereens wil ons die goedheid van ons God die afgelope jaar erken! Sy genade, liefde, voorsiening en getrouheid gedurende 2005. Ons dank Hom vir elke siel wat gered is, elke persoon wat genees en bevry is, elke huwelik wat herstel is, om die waarheid te sê, vir elke wonderwerk wat Hy uitgevoer het. Ons gaan die nuwe jaar vol geloof en vertroue in Hom binne, dat Hy dieselfde hierdie jaar gaan doen, en selfs groter dinge, soos ons Hom vertrou. Maranatha! (Jesus kom)

Ons liefde en dank aan julle almal vir julle liefde en ondersteuning, julle goeie wense en gebede gedurende hierdie tyd, en wees verseker dat ons julle liefhet en waardeer en ons Hemelse Vader dank vir julle. .

Mag God julle oorvloedig seën in hierdie nuwe jaar van 2006 en aan julle Sy liefde, vrede, vreugde en voorsiening gee. Wees verseker van ons voorbidding.

Baie Liefdegroete.

Dr James

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

17 Februarie 2006
17 Maart 2006

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Strome van Lewende Water)
het hom 'n praatjiemaker genoem en met hom gespot. Tog het sommige manne gelowig geword, omdat Paulus dit gegee het wat hy gehad het! Hou op om te kyk wat jy nie het nie! Begin kyk na wat jy het! Jy het talente, vermoëns wat niemand anders het nie. Jy het so baie wat ander nie het nie. Jy het so baie om te gee. Maar as jy nie weet dat jy dit het nie, sal jy dit nie kan gee nie.

Elkeen van julle wat gered is het baie dinge, o.a. 'n skoon gewete, vergifnis van sonde, 'n verhouding met God maar behalwe hierdie wonderlike geestelike goedere, wat het jy nog? Elkeen van ons het natuurlike talente en vermoëns: "n hartlike glimlag, 'n gawe om ander te bemoedig, gasvryheid, 'n natuurlike optimistiese uitkyk wat ander op en uitlig. 'n Sterk karakter wat ander laat veilig voel, vrygewigheid – Jy het beslis een of meer van hierdie talente: gee wat jy het!

Daar is ook die wonderlike Gawes van die Heilige Gees wat nie net vir sekere mense is nie, maar vir elke Kind van God, elke Lig van die Liggaam van Christus. (Lees ons boek "Ondervind die Heilige Gees"). Maar ek wil die talente beklemtoon waarmee jy bekend is in jouself. Begin vandag! Gebruik dit wat die Here aan jou toevertrou het – dit sal vermeerder en verdubbel.

Jesus het Sy dissipels presies vertel wat Hy wou hê dat hulle moes doen, sodat andere die voordele kon ontvang van Sy dood en opstanding. Hy het hulle vertel om die goeie nuus te versprei dat Hy gesterf het en op die derde dag opgestaan het uit die dood. Dat deur Sy wonde en verminkte Liggaam Hy genesing vir hulle verkry het en deur Sy gestorte Bloed, verlossing en versoening met Vader God. Ons lees Sy bevele in Mark. 16:15-18: **En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie;** (dit is die werke van Satan) **op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word. Luk. 10:19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.**

Jesus het diegene van ons wat glo, bemoedig om Sy bediening hier op aarde voort te sit. Dan lees ons dat Sy dissipels presies dit gedoen het en die Here het saam met hulle gewerk en die Evangelie bevestig deur die tekens en wonders wat die prediking daarvan gevolg het (Mark. 16:20). Wanneer ons hande op die siekes lê, hoef ons nie die genesing te doen nie, God doen dit, soos Hy belowe het. Hy wil net hê dat ons ons hande moet voorsien en hulle op die siekes lê! Enigeen van ons kan dit doen, net soos enigeen van ons iets kan doen om die hongeriges kos te gee en aan die weeskinders en weduwees in nood kan dink. Lees wat Jesus oor hierdie saak gesê het in Mat.25:35-46. Veral verse 44 en 45 **Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?**

"...Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei..." Joh. 7:38:

Dan sal Hy hulle antwoord en sê: **Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.** Sommige van ons besoek wel hulle wat in die tronk is, fisies of met 'n geestelike boekie om die goeie nuus van die Here Jesus Christus te deel. Op dié manier maak hulle `n groot verskil in die lewens van die wat in gevangenskap lewe. Daar is baie kinders van God in die gevangenisse wat ons nuusbrief en boeke ontvang en dit met die ongereddes deel, na dat hulle dit self gelees het. Die moontlikhede is eindeloos, vra net vir God hoe Hy wil hê dat jy betrokke moet raak. Soos jy daagliks jou besondere vermoeë saai, gaan dit 'n ryke oes mettertyd bring , en daardeur sal jou lewe so verryk word.

'n Laaste gedagte: Joh. 14:14: .. maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.

Joh. 7:38: Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Let op die fontein is 'n betreklike klein hoeveelheid water wat genoeg is vir die gebruik van 'n huishouding. Wanneer jy wedergebore is, het jy hierdie fontein van God se Lewe in jou: geloof, vrede, vreugde – dis daar en jy put dit uit die Woord en dis voldoende vir jou eie geestelike behoeftes.

Strome lewer voldoende water om vir 'n hele stad voorsiening te maak. Daar is ook 'n voortdurende vloei van water. Wat verander 'n fontein in strome? Wanneer die water toegelaat word om vry te vloei, wanneer dit deur vloei.

M.a.w. deur jare lank 'n getroue kerklidmaat te wees is miskien voldoende vir jouself ('n fontein). Maar elke Christen se roeping is om 'n stroom van Lewende Water te laat uitvloei in die dorstige, sondige mensdom om hom. Laat jou fontein dus vloei: jy is geroep om betrokke te wees! Begin vandag!

En dan kan ons Hemelse Vader ook eendag vir jou sê: **Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer. Mat. 25:23. **